WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 06/2018
26/04/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Eka : Wife of Peter Rose of the Infantry

Peter advised with regret that "… Eka had passed away suddenly on 26/04/2018 after a long illness. A memorial service, conducted by Cpln Jan Viljoen was held at the Rex Chapel in The Sorex Estate in Centurion on 06/04/2018. My deepest appreciation for all the messages of condolences received and to those attending the memorial service. Eka will always be remembered for her artistic and calligraphy skills still displayed at various units and commands where we had served".

2. Versorging van Genl Jannie Geldenhuys : Voormalige H SAW

AP Stemmet verwittig dat dr Dreyer van der Merwe hom ingelig het "… dat genl Geldenhuys in Feb 2018 in 'n tehuis vir verswakte bejaardes in George opgeneem is. Mev Geldenhuys het na De Rust, naby Oudtshoorn, verhuis om naby aan oom Jannie te wees. Volgens hulle gaan dit goed met hom, want hulle versorging van pasiënte met dimensie is uitstekend. Tans het hy ietwat van 'n infeksie wat onder behandeling is".

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

3. Toestand van Boy du Toit van die Infanterie

* Verlede week het Chris Wehrmann van die Infanterie genoem dat Boy se vrou vir hom by Helderberg Oord in Stellenbosch 'n eenheid gekoop het. Boy is nou al 84 jaar oud, maar is nie meer bewus van lewe nie en word voltyds versorg

* Leon Martins van die Kaapse Infanterie stel dit reg deur "... te noem dat Boy se aftree-oord in Somerset-Wes en nie Stellenbosch is nie".

4. Back from Service for the UN

Waldemar (Wally) Vrey of the Infantry states that he had "... completed my mission in Liberia and has returned home to South Africa. I will retain my e-mail address at vrey@un.org for the time being".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

5. Salueer en Eerbewys deur die Militêre Veterane. Daar heers onsekerheid by die Veterane en by hulle Veterane-verenigings oor die regte gebruike tydens gedenkdienste en begrafnisse en die Nuusbrief se deskundige op hierdie veld, prof Deon Fourie van die Kavallerie, is om sy mening versoek. Deon het die onderwerp nagevors en doen soos volg verslag:

"Hoe behoort 'n Veteraan tydens 'n begrafnis of 'n gedenkdiens eer te betoon? Is daar 'n bepaalde saluut in burgerlike drag of behoort die besluit aan die indiwidu of die Veterane-verenigings oorgelaat te word? Moet 'n voorgeskrewe saluut gegebruik word en behoort dit van die dra van 'n hoofdeksels af te hang?

Na navorsing het ek tot die slotsom gekom dat party Veterane die regterhand oor die linkerbors plaas en ander gebruik die militêre saluut met of sonder hoofdeksels. Ander staan net op aandag en buig die kop. Die borssaluut was in Suid-Afrika tot die 1950s onbekend totdat ons opgemerk het dat genl Dwight Eisenhower dit gebruik nadat hy president van die VSA geword het, hoofsaaklik omdat hy nooit 'n burgerlike hoed gedra het nie. Ander Amerikaanse presidente en selfs Europese ministers en ons eie politici het ook dié saluut begin gebruik. Miskien is dit omdat hulle geen alternatief ken nie en daar nie meer formele burgerlike hoedens gedra is nie. Hoe dit ook al sy, dit het geen wortels in ons militêre gebruike nie.

'n Militêre Kapelaan het eenkeer verduidelik dat die verberging van dekorasies met die borssaluut tydens gebed die bedoeling het om almal voor die Here gelyk te maak. Terwyl die verberging van dekorasies tydens gebed 'n godsdienstige betekenis het, het die militêre gebruik om te salueer niks met godsdiens te doen nie.

Die MOTHs se eiesoortige saluut dateer heelwaarskynlik terug na die stigting van die vereniging in 1927 en daar kan nie van hulle verwag word om 'n ander saluut te gebruik nie, want dit onderskei hulle as lede van die MOTHS. My enigste wens is dat hulle eendag die eienaardige bevel '... drop salute' met '... aandag' vervang soos wat die Dienste dit doen.

Die Mlitêre Veterane se Vereniging in die VSA het versoek dat hulle die standaard militêre saluut teen die pet of die voorkop mag gebruik en die *Defense Authorization Act,* wat in 2009 deur die Kongres aanvaar is, laat nou toe dat hulle Veterane in burgerlike drag die normale militêre saluut gebruik. Dié Wet bepaal niks oor hoofdeksels nie en baie salueer dus kaalkop. Dit is ook hoe die VSA se presidente salute deur skildwagte erken.

There are other civilian alternatives. When wearing a civilian hat we still remove it and hold it at chest level (not over decorations and medals) while the other South African custom is to stand to attention with or without a momentary bow of the head. Until about the late 1960s men in civilian dress wore hats to memorial services and funerals. Ministers reviewing parades or acknowledging the salute of a guard of honour followed this practice. Bare-headed men bowed the head momentarily after laying a wreath. Otherwise they simply stood to attention briefly. Officers in civilian dress who were saluted by soldiers responded with a slight nod of the head or by saying '… good day'. The UDF and the SADF had no other form of salute in civilian dress.

The military salute to the brow is closer to our custom. The bareheaded salute was adopted in the SADF in the 1980s, to allow a senior to return a salute though bareheaded. The wearing of berets and forage caps has become customary in our Veterans' Associations. The salute to the head is smart and military and seems the more appropriate way of saluting. The bareheaded salute at a funeral or memorial service might look wrong but some associations have already chosen this salute, while others use the breast salute while bareheaded. In my opinion it makes no difference as individuals in civilian dress should choose their own salute. I prefer to remain with the custom of bowing the head. However, a group of people working or acting together should salute uniformly, as long as they had agreed to the same salute beforehand.

I am of the opinion that these are the alternative salutes that Veterans in civilian dress should prefer:

* A military salute when wearing association headdress, or
* Doffing the civilian hat or simply bowing the head when not wearing headdress. Queen Elizabeth, who no longer wears uniform, simply bows her head when laying a wreath at the Cenotaph in London on the 11th of November each year.

Retired personnel are not subject to military discipline, even though officers only retire from the Service and never from their commissions. Art 54 of the Defence Act of 2002 states that:

‘(9) Officers who have retired from the Defence Force and while still in service held permanent commissions, may retain the use of their rank after they have so retired and are no longer in service’.

I would prefer the Associations not to prescribe to retired soldiers how they should salute, or whether they should salute at all. But then even retired soldiers long for smart and orderly parades and for the good order of the occasion it is certainly preferable that Associations should provide guidelines.

At memorial services and funerals the Veterans salute during the playing of Last Post and end the salute on the last note. These days spectators follow the sentries. Thereafter everyone stands still for two minutes and until the end of the playing of Reveille.

MATROSE WAT OORBELLE DRA

6. Hennie Heymans van die ZARPe

“Ek het op ’n stadium in Nederland navorsing oor die Koninklijke Marechaussee gedoen Dit is 'n flink militêre konstabelmag wat wat vir die lughawens, hawens en kuswag verwntwoordelik is. Ek was op een van hul bote en na die vaart vra ek my gasheer oor die rede dat so 'n gedissiplineerde mag een van die lede toelaat om 'n oorbel te dra. Hy verduidelik dat in Nederland baie vissers 'n goue oorbel dra. As die boot sink en die lyk spoel uit word die oorbel vir geld omgeruil om vir sy begrafnis te betaal. Wanneer die visserman aftree gee hy weer die goue oorbel volgens die Nederlandse visserstradisie aan sy kleinseun”.

7. Paul Els Received the Following

* From Blackbeard to Jack Sparrow, pirates and sailors of old are often depicted wearing earrings. But the gold hoops weren't just swashbuckling fashion statements, but served several useful purposes. Earrings were also worn for superstitious reasons. Some pirates were convinced that wearing an earring would improve or even cure bad eyesight, as they believed that the precious metals in an earring possessed magical healing powers. Another tale was that pierced ears would prevent seasickness and even protect pirates against hearing loss. Others believed that a gold earring served as a protective talisman and that a man wearing an earring would not drown.

* Pirates firing the ships' cannons during close combat with the enemy dangled wads of wax from their earrings to use as earplugs.

* Seamen proudly sported earrings as a mark of their travels and voyages. Earrings were given to young sailors to commemorate their first crossing of the equator, or when they rounded the treacherous waters of Cape Horn, the Southernmost tip of South America.

* Earrings were made of gold and silver and were used as money. If a pirate or sailor drowned and washed up on the beach, the earrings would serve as payment for a proper Christian burial. Sometimes, they engraved the name of their home port on the inside of the earring so that their bodies could be sent to their families for a proper burial. If a man died on a ship, the earrings helped to cover the cost of transporting his body home so that he would not be buried at sea or on foreign soil.

8. Mel Wainwright of the SA Navy

“The only other person I know of who wore an earring was CPO Alan (Angel) Elliott who served on SAS Tafelberg with me. He told me that it was tradition in his village in the UK that the first born son wore an earring. He had permission from the RN to wear it and also later in the SAN. I last saw Angel about 18 months ago and he still wears it. Jack Netterberg would also have qualified as he went around the Horn in the 1940s but as an officer would not have worn it”.

9. Willie (Varkie) Meyer van die Lugafweer en Raadslid in die Paarl

“Baie jare gelede het ek in Durban ‘n konferensie bygewoon en langs my het ‘n baie vriendelike swartman met ‘n oorbel so groot soos ‘n gordynring gesit. Op navraag het hy vir my vertel dat hy sy lewe lank nie goed, veral vêr, kon sien nie, maar op advies van sy oogkundige (seker ‘n sangoma) het sy sig met die dra van daardie oorbel heeltemal herstel. Hy vra my toe ‘…of ek al ooit ‘n seerower sonder ‘n oorbel gesien het?”

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

10. Dienende Lede se Bydraes tot die SMMVF

Daan Kemp van Leërinligting noem dat hy “… by ‘n dienende generaal van SANW verneem het dat sy mediese bydrae onlangs van R100 tot R500 verhoog het. Dit is blykbaar ‘n algemene verhoging wat beteken dat die SANW uiteindelik die bydraes verhoog het. Die verhoging sal waarskynlik die Fonds se finansies in die medium- tot langtermyn herstel. Dit laat egter nie die belangrikheid en waarde van Tony se Aksiegroep verdwyn nie”.

11. Notice of Increase of Contributions to the Medical Continuation Fund by Serving Members

This Bulletin explains it all and especially the intention of the SAMHS to contribute 75% of the costs of the RFMCF is of prime importance.



Bulletin
Department of Defence

16 March 2018 No: 03/18

NOTICE OF INCREASE ON REGULAR FORCE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF) CONTIBUTIONS: WEF 01 APRIL 2018

The decision taken at the meeting between the Chief of the South African National Defence Force, Chief of Staff and the members of the Board of Trustees came with the following resolutions with regards to the increase on Regular Force Medical Continuation Fund (RFMCF) contributions:

- There will be a flat minimum increase to R500-00 across the board for all RFMCF contributing members, wef 01 April 2018.
- The SAMHS will carry 75% of the costs of the RFMCF due to the increased outsourcing levels, effective 1 January 2018.

Table 1: Income vs. Expenditure

Financial Year Ending on:	Monthly Contributions	Total Healthcare Expenditure	Shortfall
31 March 2017	R 224 923 000	R 459 734 000	-R 234 811 000

12. Ongeskikte Kennisgewings oor Terugbetalings aan die SMMVF

Deon van Zyl is ontsteld en rapporteer dat “... die 70 jarige weduwee van ‘n ontslape Seiner die volgende kennisgewing van die SMMVF ontvang het:

‘An audit was done and it was found that you owe the RFMCF after the age of 60. Please pay R38.00 within 30 days to avoid suspension”

Die boodskap is blatant en onnodig kras en ek het toe namens haar navraag gedoen maar het geen terugvoering ontvang nie. Sy is wel weer versoek om hulle te bel, maar daar is nog steeds nie aan haar verduidelik oor waar die R38.00 ontstaan het nie. In die verlede was daar darem op ‘n meer vriendelike en beskaafde manier met ons gekommunikeer. Het nou ook verneem van ‘n ander lid wat R2 000 moet inbetaal”.

13. Reaksie en Advies deur Tony Dippenaar van Cela en die Taakgroep

“Ek het verskeie navrae gehad van lede wat sulke aanstootlike en arrogante kennisgewings vanaf die SMMVF ontvang het. Navraag het getoon dat daar wel n oudit gedoen is en dat daar agterstallige bedrae is omdat lede opbetaald tot ouderdom 60 moes wees. Volgens die Skuldinvorderingswet van 2015 verjaar skuld na drie jaar en is dit selfs onwettig om te poog om dit in te vorder. Lede word dus aangeraai om te antwoord dat die skuld reeds verjaar (lapsed) het en dat hulle nie bereid is om dit te vereffen nie. Bowendien kan lidmaatskap van die SMMFV nie opgeskort word nie".

14. Letter to the Principal Officer of the RFMCF. The following letter was sent to Dr Jamuna on 15/04/2018, but no responce has been received:

Dr AA Jamuna
Principal Officer
RFMCF

Dear Doctor

MONIES OWED TO THE RFMCF

The Newsletter of the Military Veterans has received a number of enquiries about notices, of which the one below is an example, that beneficiaries of the Fund have received from the RFMCF.

An audit was done and it was found that you owe the RFMCF after the age of 60. Please pay R38.00 within 30 days to avoid suspension.

The above notice was directed at a 70 year old widow and is framed in such an obnoxious manner, that it is suspected that you are not aware of these notices issued in your name. The RFMCF has no authority to suspend membership and your attention is also directed to the Debt Collection Act of 2015, which stipulate that debt becomes stale after three years and that it is even unlawful to attempt to collect it.

Your comment would be appreciated.

TOEKOMSTIGE OORLOë

15. Russian Warships Depart Tartus Ahead of Strikes on Syria

Arne reports in his MN that satellite imagery revealed that almost all the warships at the Russian naval base in Tartus, Syria, had put to sea in advance of a pre-announced US strike on Syrian positions. About a dozen Russian naval and merchant vessels would normally be found at the base. Note. With all this military hardware around, it would be just a matter of time before a military confrontation takes place.

16. US Admiral Warns : Only War Can Now Stop Beijing Controlling the South China Sea

Angel reports in his MN that an US Admiral informed Congress that Beijing now controlled the South China Sea. Island fortresses are built and the airfields are ready and all China needs to do now is move in the warships and combat jets. Beijing has built up enough military infrastructure in the South China Sea to completely control the disputed waterway. Once occupied, China will be able to extend its influence thousands of miles to the south and project power deep into Oceania and be able to use these bases to challenge US presence in the region.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

17. Script on Maj CWH Coulter

Philip Selth states from Australia that he is "...writing a biographical note on Maj Coulter, who in the 1930s was President of the SA Soldiers' Association, which at that stage was active in at least New South Wales. I am trying to establish the eight years for which he apparently was President and assistance would be appreciated. My e-mail address is pselth@pleasefixall.com".

18. Note to Philip Selth by Prof Deon Fourie of the Cavalry

"It seems to me you are looking for Major Coulter in the wrong place. On the internet one finds the South Africa Soldiers Association and not South African. Was this not simply an Australian association with no relationship with South Africa except participation in the war in South Africa?"

19. Voorstel deur Dr Willem (Kaas) van der Waals tydens Konference in Angola in 2015

Verlede week is verwys na Kaas se aanbieding oor Op Savannah, terwyl die daaropvolgende lesing deur drie afgetrede Kubaanse generals gelewer is. Hulle het die geleentheid misbruik om oor hulle '... oorwinning tydens die Slag van Cuito Cuanavale' verslag te doen". Kaas was gereed en het toestemming verkry om die ware geskiedkundige feite van Ops Moduler en Hooper voor te hou.

Aan die einde van sy lesing het Kaas genoem dat die volledige en objektiewe feite 'n total ander beeld skep. Kaas het toe voorgestel dat die geveg op 'n soortgelyke konferensie op objektiewe en onemosionele wyse deur die betrokke bevelvoerders en erkende historici soos dr Leopold Scholtz bespreek word. Tydens 'n funksie na die konferensie het verskeie Angolese offisiere en akademici vir Kaas gelukgewens, maar tog volstaan by die geykte Kubaanse standpunt oor Cuito Cuanavale maar het die moontlikheid van 'n toekomstige konferensie verwelkom. Interessant was die kommentaar van 'n senior Angolese offisier dat Kuba drie generals moes inspan om een Suid-Afrikaner te hanteer. Die volgende dag is Kaas ingelig dat 'n konferensie oor Cuito Cuanavale vroeg in 2016 beplan word en dat vier Suid-Afrikaners genooi sal word. Daar het tot dusver egter nog niks van die beoogde konferensie gekom nie. Dit pas die propagandiste ooglopend nie om die mite aan kritiese ondersoek te onderwerp nie.

20. Besoek aan Slagvelde van WO1

Prof Deon Fourie van die Kavallerie vertel dat hy "… in 2006 deel was van 'n toergroep wat Delville Bos besoek het en later 'n Duitse begrafplaas in Frankryk. Meeste mense het al vergeet dat die Tweede Reich 'n federasie van koninkryke, hertogdomme en graafskappe was, wat elk oor sy eie leër beskik het. Dus was ons verbaas om die verskeidenheid range op die grafstene te sien, soos Schutz, Musketier, Soldat en talle ander. Twee ouens het na die bus teruggekeer en gevra of ons '... gesien het hoeveel Joodse vanne op die grafstene te vinde is'. Met die 1 000 en meer begrafplase van WO1 tusen Delville Bos en Arras het Wouter Lombard van die Kavallerie herhaaldelik gevra '... waaraan het die generaals gedink?' dat hulle kon toelaat dat daar soveel verliese plaasvind".

PAUL ELS SE BOEKE

21. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

22. Handleiding vir Projek Phoenix oor Plaasveiligheid

Genl Joffel van der Westhuizen van die Geskut verklaar dat hy en Chris van Zyl van die Geskut, leiersfiguur by die TLU, besig is met die opstel van die handleiding en het reeds 'n strategie, planne en loodsprojekte die lig laat sien. Hierdie is 'n verdienstelike saak wat spreek tot die kennis en ervaring van ons as soldate. Daar word beoog om 'n bondige handleiding oor plaasveiligheid vir die 15 000 boere in ons land op te stel. Die boere soek nie 'n boek nie, maar 'n praktiese samevattende handleiding wat soos 'n outydse SNOB sommer in die gatsak, of die handsak, pas. Dit behels nie 'n waardering, strategie, doktrine of plan nie, maar wel SOPs, drils en wenke. Die toepassing van die maatreëls moet bekostigbaar wees en die benadering moet wees dat '… die Boer moet kan boer'.

Die boekie se titel is die *'TLU SA se Handleiding vir Plaasveiligheid'* en die volgende onderwerpe word as aparte hoofstukke beoog:

* Beveilig deur Konstruksie. Dit behels grens- en werfheinings, hekke, deure, vensters, kluise, sleutelbeheer, beligting, kragvoorsiening en buitegeboue.

* Kommunikasie. Radio, selfoon met toepassings, aandagtrekkers soos ligfakkel, paniekknoppie, sirene, alarmlig, honde en sigbare plaasnommers.

* Elektroniese Verklikking. Geslotebaan TV, strale, magnete, kameras soos *Go-Pro,* klank, beweging en vibrasieverklikkers.

* Informasie en Inligting. Terrein, aanval- en ontsnaproetes, dataregister, profiele, verklikstelsel, kaarte, logs en werking van 'n GIK.

* Operasies. Teenwoordigheid en voorkomende optrede, reaksie en opvolg, onmiddellike handeling, opleiding, steunkringe en werking van 'n GOK.

* Wetlike Voorskrifte. Regte en verantwoordelikhede, dra van wapens en uniforms, verduideliking van betreding, besetting en intimidasie.

* Medies. Tony Dippenaar gaan dit skryf en ons het groot waardering daarvoor.

* Beveiliging. Wapens, gereedskap, implemente, dokumente, kontant, sleutels, voertuie, brande en werkers.

* Sielkundige Paraatheid. Bewuswording, ingesteldheid, dissipline, roetine en buurmanskap.

Bydraes oor die bogenoemde word versoek. Skryf in Afrikaans of Engels, maar hou dit kort, kragtig, puntsgewys en relevant. Skakel asseblief eers met my by 082 602 1098 of met Chris by 012-804 8031 of 072 716 9299 alvorens u begin skryf. Bydraes en navrae moet aan dienste@tlu.co.za gerig word. Of dit nou 'n hoofstuk, bladsy, paragraaf, of net 'n paar sinne is, alle bydraes sal waardeer word".

23. Newsletter of the SA Military Intelligence Veterans' Association

Michael Huxtable is the editor and he requests to be notified of topics and articles that should be included in the next Newsletter. Mike's e-mail address is huxtablemv@gmail.com.

24. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Apr 2017 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

25. Artikel in die Volksblad oor Klub Omuthiya in Bloemfontein

Johan van Wyngaard van Leërinligting het hierdie artikel verskaf wat op 12/04/2018 verskyn het. Die artikel verwys na 'n vergadering van 61 Meg Bn se Klub in Bloemfontein waartydens Wynand du Toit van Spes Magte opgetree het, terwyl bestuurslede van SAMIVA 'n sertifikaat aan die Klub oorhandig het. Die artikel is op Facebook by https://web.facebook.com/groups/261984393842812/ beskikbaar.

NUUS

Oorlogsveteraan en boer nou heeltyds skrywer

Deur Lientjie Mentz | 12 April 2018 06:03 | Bloem

Danksy rubrieke wat hy destyds uit die Republiek van die Kongo vir *Volksblad* gelewer het, het Wynand du Toit die moed gehad om sy eie boeke te skryf. Só het die oorlogsveteraan en destydse krygsgevangene in Angola Donderdag (05/04) in Klub Omuthiya in Tempe vertel. Hy het in 2014 gereeld vir Landbou Volksblad 'n rubriek gelewer oor sy en ander Suid-Afrikaanse landbouers se ervarings in die Kongo. Sy vrou, Francis, en twee kinders het later na Suid-Afrika teruggekeer en in November verlede jaar het Du Toit sy boerdery-aktiwiteite gestaak en hom by sy gesin in George aangesluit. Hier is hy nou heeltyds 'n skrywer. Hy stel sy sesde boek, *Pelindaba Protokol*, nou landswyd bekend. Een van die ses boeke wat hy geskryf het, is die fiktiewe verhaal *The Long Lost Grave*, wat hy in 1987 in die tronk in Angola op 'n tikmasjien geskryf het. Dié verhaal, wat in die Knysna-bos afspeel, was destyds vir hom 'n ontvlugting van sy omstandighede. Hy sê hy loop al 30 jaar met dié manuskrip en het dit eers verlede jaar, nadat van sy ander boeke verskyn het, verwerk en laat publiseer. Sy eerste twee boeke, *Judasbok* (2015) en *Josefskleed* (2016), vertel sy lewensverhaal. Daarop het die fiktiewe verhale *S-98* (2017) en *Destiny* (2017) gevolg. Ook op die geselligheid Donderdag het die Suid-Afrikaanse Militêre-inligtingsveterane-vereniging (Samiva) 'n sertifikaat aan Klub Omuthiya oorhandig. Dit bevestig dat dié twee organisasies onderneem om saam te werk en mekaar te ondersteun. Samiva is onlangs gestig en lede kan hulle ook by Klub Omuthiya se bedrywighede inskakel. Deon Döhne van Colesberg, Samiva se ondervoorsitter, het die geleentheid bygewoon om die sertifikaat van die Vriende van Samiva aan die voorsitter van Klub Omuthiya, Reg Walkerley, te oorhandig. Veteraan-soldate van alle eenhede kan hulle by die maandelikse kuier-geleenthede van Klub Omuthiya inskakel. Die geleenthede word elke eerste Donderdag van die maand by die klub in Tempe aangebied, en talle sprekers tree op dié geleenthede op. Walkerley sê die organisasie beywer hom ook daarvoor om aan veteraan-soldate hulp en bystand te verleen waar dit nodig is.

Francis en Wynand du Toit op die bekendstelling van die boek Pelindaba Protokol in Bloemfontein.

WERKGROEP VIR DIE BESKERMING VAN ONS PENSIOEN

26. Background to Increasing the Benefit of Beneficiaries of Pensioners

Last week Errol Massey-Hicks stated that AMAGP is investigating the possibility of leading a demand to convince the GEPF to increase the benefit of beneficiaries of pensioners to at least 70% instead of the current 50%. If enough members support the need, an effort can be made for a dispensation where dependents will be increased without reducing the benefit of the pensioner. Please advise your views to amagp.sek@gmail.com.

27. MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl

“Ons gades het ons as dienende lede goed ondersteun en verdien om na ons afsterwe ook goed versorg te word. Hulle was altyd daar om ons huis in stand te hou, kinders te versorg, verpligtinge nagekom en finansiële probleme hanteer, terwyl ons tot die Staat se voordeel iewers ontplooi was. Ek dink nie dat die 50 % regverdig is nie en weet ook nie hoe ons seniors van weleer hierdie bedrag bereken en dit as regverdige betaling kon goedkeur en so kon aanvaar nie. Wanneer die een lid afsterwe, verminder uitgawes nie met 50% nie, terwyl alle uitgawes steeds bly verhoog. Is ons gades dus net 50 % werd vir al hulle opofferings oor baie jare? Kom ons toon ons waardering deur ‘n beter verdeling te laat instel. Indien die gade van die manlike broodwinner eerste sterf, dan bly die lid se maandelikse vergoeding nog presies dieselfde. Hoekom word die vrou se inkomste dan verlaag nadat die broodwinner sterf? Ek is van mening dat tussen 70 en 80% regverdig sal wees, terwyl hierdie onmiddellik in werking moet tree en nie net op toekomstige pensioentrekkers gerig moet wees nie”.

28. Olivier Henning van die Medics

“Ek stem saam met Neels van Tonder dat ‘n verhoging van die gade se pensioen net ‘n voordeel is indien die hooflid binne ‘n paar jaar na oorskakeling te sterwe kom. Ek het ook onmiddellik van die aanbod gebruik gemaak, aangesien ek kort vantevore ‘n ernstige beroerte-aanval gehad het, waarna my pensioen ook aansienlike verminder het. My vrou sou beter af gewees het as ek eerder die bedrag belê het waarmee my pensioen verlaag het. Nege jaar later bestaan daar ‘n moontlikheid dat ek dalk nog my vrou sal oorleef. My aanvaarding van die aanbod sal dan natuurlik heeltemal futiel wees, maar dit is mos maar soos assuransie, want jy weet nie werklik of jy dit gaan nodig kry of nie”.

29. Kontantdepositos in AMAGP se Rekening

Errol Massey-Hicks van AMAGP noem “… dat ‘n bedrag van R150 as ‘n donasie in ons bankrekening inbetaal is, maar dat ‘n lagwekkende R45 as bankkoste vir 'n kontantdeposito verhaal is. Volgens FNB is die deposito by die kassiere in 'n plaaslike tak gedoen, terwyl die bankkoste vir 'n deposito van R300 by 'n ATM ons slegs R6.35 gekos het. By die kassiere word 'n kontanthanteringsfooi gehef! Lede word derhalwe versoek om depositos liewerste aanlyn of as ‘n kontantdeposito by 'n ATM te doen”.

30. Webblad van AMAGP

Gerda Putter van die AMAGP verwittig dat “… die webblad van AMAGP in werking is en dat daar ook ‘n lidmaatskap vorm beskikbaar is. Die nuutste Nuusbriewe van AMAGP kan ook daar gelees word. Die verwysing is www.amagp.co.za”.

31. Uitslag van die Verkiesing van Trustees van die GEPF

AP Stemmet het die formele uitslag van die verkiesing aangestuur, wat aandui dat die volgende twee lede verkies is:

* Dr FF le Roux met 3661 stemme.

* Genl-maj AL de Witt met 2022 stemme.

Daar was 35 nominasies waarvan slegs die bogenoemde twee geslaag het.

WELSYNSINISIATIEWE

32. NTR.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

33. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan, soos wat die Artillerie-vereniging en die makkers in verre lande hieronder doen.

34. Gunners' Website of the Gunners

Master Gunner Roy Andersen advises "… that the Gunners' website at www.gunners.org.za is becoming increasingly popular. I would be happy to receive additional articles at roy.andersen@mweb.co.za".

35. Webpage of Our Military Veterans in Australia and New Zeeland

The webpage of the SA Soldiers' Association can be found by clicking on SAMVOA and makes for interesting reading. Their part on Dress Regulations is excellent and could be useful for our own Veteran Organizations. The contact person at SAMVOA is Philip Selth and his e-mail address is pselth@pleasefixall.com.

SOEKTOGTE

36. Waar is die Infanteriste

Leon Lambrechts van die SA Infanterievereniging noem dat die Vereniging met die volgende drie lede wil kontak maak en sal graag reaksie by leonielambrechts@gmail.com wil ontvang:

* Mike Heyns

* Johan Ellis van die SWAGM en Kmdmt O Tvl

* Andre Ellis

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

37. Re-unie van die KDK se JL Kursus 7821 na 40 Jaar

Albert van Zyl van Logistiek rapporteer oor sy "… JL Groep se 40 jaar re-unie op die plaas Madidaba naby Cullinan op 17/03/2018. Van die 63 studente was daar 38 teenwoordig. Van ons oorspronklike groep het net vyf by die Staandemag aangesluit en dit is dus uniek dat ons sulke goeie kontak behou het. Dit was 'n heuglike gebeurtenis.

Chris van der Walt het vir elkeen 'n replika van 'n ammunisiekas gemaak (foto hieronder) wat met aandenkings gevul was. Willem Myburgh se oorsponklike kursus T-hemp is geraam en vertoon. Fotos was maar skaars aangesien kameras in 1978 'n groot euwel vir die SAW was. Die voorwoord in die kursus se foto-album is deur die topstudent van die kursus geskryf en is op aanvraag vanaf my e-posadres by Albert.vanZyl@lhupl.com beskikbaar. Almal glo seker dat hulle kursusre-unie die beste was, maar hierdie een was regtig iets besonders".

38. Infanteriste is Plesierig

Die Suid Afrikaanse Infanterievereniging

Hinderlaag
John Lizamore noem dat "... die volgende hinderlaag van die SA Infanterievereniging vanaf 12:00 op 02/05/2018 by die Bronberg Wynlandgoed in Lynnwoodweg plaasvind. Die koste is R80 per person en kroegfasiliteite is teen militêre pryse beskikbaar. Bespreek asseblief by Geoff Holland-Muter by 076 637 9355".

AJV
Die vereniging se Algemene Jaarvergadering is geskeduleer vir 19 Mei 2018 en die Agenda en ander relevante dokumentasie is op die webtuiste, www.sainfantry.co.za, beskikbaar.

Wes-Rand Tak
Die vereniging gaan 'n Wes-Rand tak stig en belangstellendes word genooi om 'n loodsvergadering by te woon. Oud Infanteriste, hetsy Dienspligtiges, Burgermag, Kommandos of Staandemaglede kwalifiseer. Dit sluit die areas, Roodepoort, Krugersdorp, Randfontein en Westonaria, in.
Stuur u kontakbesonderhede aan lt.kol. (Aft) Peters by bertus@bfaskills.co.za asseblief.

Militêre Fees Stalletjie
Die vereniging gaan stalletjie nommer 152 beman en alle veterane word genooi om te kom kennis maak met 'n paar van die vereniging se raadslede.

39. Visit to the SAN Hydrographic Office at Silvermine

Arne invites members "… of the Naval Officers' Association of Southern Africa to join a planned visit to the SAN Hydrographic Office at Silvermine on 26/04/2018. This is one of the few opportunities to see our Navy at work and a field where technology is always changing. Please advise John Lamont if you wish to attend as names of those attending are needed as we will be entering a security area. John is on 021-785 2294, 083 650 5695 or by email on glentyne@yebo.co.za".

40. Militêre Fees by die Voortrekkermonument op 01/05/2018

Geraldine Paulsen verskaf die volgende en noem dat navrae aan haar e-posadres by geraldine@vtm.org.za gerig kan word:

NETWORKING

41. Tallies (Theo) Taljaard van die Genie

“Ek het in Des 2017 by MECHEM afgetree toe ek die ouderdom van 65 bereik het waar ek nie meer mag dink, doen en werk nie. Ek het die afgelope drie maande al die agterstallige huiswerk en herstel gedoen, maar moet nou ook weer besig raak. Ek het ‘n besigheid geregistreer, naamlik *Tango EOD and Training Consultancy* en gaan my nou ernstig begin bemark. Ek was sedert einde 2001 by MECHEM en was instrumenteel in die stigting en ontwikkeling van die firma se opleidingskapasiteit. Verskeie kursusse is vir myn- en plofstofopruiming ontwikkel en plaaslik en international in oa Egipte, Sudan, Somalië, Mosambiek, UAE, OMAN, Angola, Namibië en Libië aangebied. Ek is ‘n SASSETA geregistreerde moderator en assessor op eenheidstandaarde wat verband hou met my ondervinding die afgelope 36 jaar. Instansies wat opleidingsteun verlang kan my gerus op 083 645 8817 of op my e-posadres by tallies@tango-eodtraining.co.za kontak. Nota. Tallies sê dat dit noue ontkomings met plofstof is wat sy baard so grys gemaak het.

ADMINISTRASIE

39. Plaas van die Nuusbrief op die Infanterie se Webblad

Leon le Roux is die blad se webmeester en lewer bekwame diens om die Nuusbrief sigbaar te maak. Leon noem "… dat wanneer daar op die skakel by http://www.sainfantry.co.za/index.php/newsheader/news#wel-en-wee gekliek word (maak net eers seker dat die Internet aktief is) dan kan die huidige en vorige Nuusbriewe gelees word. Kliek net op die een wat gelees moet word, waarna dit in .pdf-formaat oopmaak. Hier en daar is daar lede wat sukkel om die dokument oop te maak. Dit is belangrik dat hulle een van die vele tipes PDF Readers op hulle hardeware (rekenaar of selfoon) het om dit te kan lees. Kontak my gerus op leon@sainfantry.co.za as hulp nodig is".

40. Handboeke van die SA Leërkol

Die Inligtingmuseum op Colesburg wil graag 'n kopie bekom van die handboeke *Bedryf van Gevegsinligting tydens Voorsprongoperasies* wat vanaf 1981 by die SD Tak van die SA Leërkol benut is, asook ANTISA, wat jare lank in gebruik was. 'n Makker wat bereid is om dit aan die Museum te skenk moet asseblief vir Johann by 082 874 1953 of isajohan@johannisa.co.za kontak.

41. Nuwe Lede

Later

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

41. Investing Your Money. Keep a close watch on your financial advisor, as he may fit the bill as described here below:

There are two kinds of people who lose your money : Those who know nothing and those who know everything - Henry Kaufman

42. Do Not Lose Hope

Success is going from failure to failure without loss of enthusiasm.

43. Listen to the Saarmajor. Paul Els found the following on the Web:

The much loved legend, Jock Hutton, left the British Para Regt after WW2I and emigrated to Rhodesia where, in 1957, he was appointed as Squadron Sergeant-Major of the Rhodesian SAS. In 1960 Jock was interviewed by the BBC.
BBC reporter: "Mr Hutton, why did you decide to leave England?"
Jock Hutton: "I decided to leave England when they legalized homosexuality".
BBC reporter: "Might you ever return?"
Jock Hutton: "No".
BBC reporter: "Why not?"
Jock Hutton: "In case they decide to make it compulsory".
The interview was immediately terminated. What a man.

SLOT

44. And on that cautionary note, sterkte vir die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE
45. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.